MEDIAMEDEDELING

My ou tante Koba

SELBCD 482
2004

Laurika Rauch vier hierdie jaar 25 jaar in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf met nòg 'n tydlose album: **My Ou Tante Koba** – met 'n aantal nuwe liedjies wat reeds belowe om elk 'n klassiek te word, 'n paar bekende gunstelinge wat nuut gemaak, vars verwerk en eietyds vertolk word, 'n "versteekte" snit en 'n multimedia-ervaring met die insluiting van twee musiekvideo's op CD.

Sedert haar album debuut met Koos du Plessis se liedjie **Kinders Van Die Wind,** die treffende temalied van die gewilde 1979-televisiereeks **Phoenix & Kie**, is Laurika se naam sinoniem met gehaltekuns: 'n ongewone stem en vertolking wat die purityne, resensente én musiekliefhebbers aangryp, begeester en met verwondering laat luister.
Sy bied musiek waarop Afrikaanses, anderstalige Suid-Afrikaners én uitlanders trots is.

GEHORE
25 jaar lank vermaak sy gehore – van hier tot in België, Nederland, Praag, Londen en Duitsland – en sy doen dit met algehele, sielvolle oorgawe vir vanaf klein nismarkgehore in intieme teaters tot voor 'n skare van 13 000 mense in die buiteland.

VEELSYDIGHEID
Laurika is in 2003 met SABC 2 se Geraasmusiektoekenning vir lewenslange diens aan Afrikaanse musiek vereer: sangers, aktrise en kabaretster, komponis, musiekproduksie- en vokale regisseur, lektor in sang en drama, bladmusiekuitgewer, TV-aanbieder, die kunstenaar wat met haar reuse treffer **Stuur Groete Aan Mannetjies Roux** – tien jaar ná die luisteliedjie -era opnuut volksbesit geword het.

TREFFERS
Sy het daarin geslaag om van die sewentigerjare tot nou met elke dekadewisseling puik treffers op te lewer: ondermeer: **Vergeet Om Te Vergeet/Onthou Om Te Onthou, Jy Is Te Dierbaar, Op Blouberg Se Strand, Ek Het 'n Huisie By Die See, Blou, Die Nostalgie, Die Gang, Hot Gates** en natuurlik, **Marieke** en **Die Mense op Die Bus.**

BEGINJARE
Baie jare het verloop sedert sy 'n Afrikaanseonderwyseres was, kinderslaapklere vir 'n kettingwinkel aangekoop het, 'n kunsteraad-aktrise was, Springbokradio se Sarieprys as die beste nuweling ontvang het en in 'n stadium 'n plateresensierubliek vir 'n Afrikaanse tydskrif geskryf het.

Sedert **Kinders Van Die Wind** bo-aan radio 5 se treffersparade was, Laurika 'n TV-ster in Merwede van der Merwe se reeks **Musiek & Liriek** geword het, bekendheid vir haar vertolking in Taubie Kushlik se Jacques Brel-produksies verwerf het en haar optrede in Hennie Aucamp se **Met Permissie Gesê** (die eerste kabaret in Afrikaans), het Laurika voortgegaan om op die verhoog, in die ateljee en op TV, baanbrekerswerk te verrig.

HOOGTEPUNTE
Tussen daardie hoogtepunte is haar medewerking met Jannie du Toit (**Van Berlyn Tot Bapsfontein** – 1988), Vusi Mahlasela (**Samekoms/Kopano** – 1998), Stef Bos, David Kramer,

Taliep Petersen, Koos Kombuis, Ray Phiri, Frank Boeijen en Denise Jannah (**Ons Kruis Paaie** – 2002) en natuurlik die kykNET-reeks **Kom Laat Ons Sing – 'n musikale reis van Laurika Rauch**, waarin sy die ontwikkeling van Afrikaanse Musiek oor die afgelope 25 jaar saam met regisseur Johan Badenhorst nagevors en belig het.

Steeds, sê Laurika, oortref niks die vreugde wat sy put uit haar gesin – haar man, Christopher Torr, en hul twee kinders, Simon (22) en Nina (17) nie.

TOEKENNINGS
Laurika se waarde as kunstenaar is nog altyd eenparig deur resensente beaam en sy is onder meer ook bekroon met 'n Galloprys, 'n OKTV-prys, 'n Sama-prys en deur die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* met erepenning vereer.

GEWILDHEID
Haar gewildheid as sanger vir die mense kan uitgebasuim word: verkope van oor die kwartmiljoen albums met vier albums wat goue status en twee wat platinumstatus bereik het.
Tydskriflesers het haar ook al herhaaldelik as die sangeres van die jaar aangewys.

DIE NUWE ALBUM
Laurika gaan die volk opnuut laat luister (én dans!) met **My Ou Tante Koba**, die ritmiese titel-snit wat die litte verniel. Die nuwe album is 'n toonvenster van die onmiskenbare Rauch-styl: eenvoud, waarin die lied eerste gestel en deur stem orkestrasie gekomplementeer word.

Die sonderlinge orkes-en-stem-eenheidsgevoel van die album is moontlik gemaak deur haar orkestrio, Clinton Waring (klavier), Leon Ecoignard (baskitaar, kontrabas, perkussie) en Wouter van de Venter (kitare), wat haar die afgelope drei jaar by haar vertonings begelei het se verwerkings en spel, asook die bydrae van regisseur Peter Mclea, (haar verwerker en produksieleir van die afgelope twintig jaar).

Op aandrang van gehore word 'n aantal gewilde liedjies van haar verhoogrepertoire en 'n handvol splinternuwe skeppinge in dié vars aanslag op CD verklank.

"Dit is nie toevallig dat daar ses van Christopher Torr se liedjies op die album opgeneem is nie", sê Laurika. "Om die waarheid te sê – my ideale album sal een wees waarop daar veertien nuwe liedjies van hom is." In 1996, pas nadat Chris en Laurika in hul nuwe huis ingetrek het, het hy haar geroep om te luister na Afrikaanse woorde wat hy vir 'n liedjie van Udo Jürgens geskryf het en hy wou weet wat sy daarvan dink. "Nadat ek die eerste vers en refrein van **Op Blouberg Se Strand** saam met die musiek beluister het, het ek geweet hier kom 'n ding."
Laurika het tot in daardie stadium nie eens geweet haar man kan liedjies skryf nie. Sedertdien het hy háár en musiekliefhebbers se lewens met byblywende liedjies verryk.

Naas drie splinternuwes uit Christopher se pen en vars verwerkings en opnames van vier van Laurika se gunstelingliedjies, bevat die album ook komposisies van Koos du Plessis, Wouter van de Venter, Louis Brittz en Riku Lätti.

As bonus kry Laurika se aanhangers 'n multimedia-ervaring met twee stylvolle musiekvideo's vir die rekenaar.

DIE LIEDJIES

1. **Die Diep Blou See** – Christopher Torr

'n Pragballade, gevul met nostalgie, belofte en hoop: *Ek sing vanaand van die diep blou see/ nie soseer van die liefde nie/ maar my hart is wel in twee geskeur/ dis nog 'n bietjie rou, 'n bietjie seer/…*

Orkestrasie

Clinton, Wouter en Leon met aanvullend:
Sopraansaxofoon (Brendon Ross), tromme (Bruce Wallace) en agtergrondstemme (Jaco du Plessis, Rian Swanepoel en Harald Richter)

2. **Die Ballade van Jakob F de Beer** – Christopher Torr

Met diénuwe opname word Laurika se kunstenaarsskap gedefinieer. Sy en haar show-orkes skep in eenvoud eiesoortigheid, rou emosie en musiekale deurwintering. Met slegs klavier, kitaar, kontrabas – én solostem.

3. **Onder Jou Asem** – Riku Lätti

'n Moderne liefdesliedjie uit die bekroonde alternatiewe kunstenaar Riku Lätti se pen.

…Wie was jy toe ek jou kry/ met jou wêreld op sy plek/ Wonder jy wat ons nou maak/ Het jou weerstand my getraak/ Oe… jy's my swak punt – groot begeerte/ Oe… lei my na jou – groot begeerte/ Oe… wys my wie's jy – groot begeerte/…/

Orkestrasie

Clinton, Wouter en Leon, wat hier die ongewone blaastrom speel en al die perkussie behartig.
Wouter, Clinton, Jaco en Herald verskaf die agtergrondstemme.

4. **My Ou Tante Koba** – Christopher Torr

'n gewisse treffer met polsritme en, natuurlik aanhitsende samesynklank van die konsertina. Dis egter ook Torr se opheffing van die stereotipe volksbekende karakter wat prikkel en dis Laurika se ráák vertolking wat jou laat luister. Soos in **Stuur Groete Aan Mannetjies Roux** (Torr sê trouens dat My Ou Tante Koba gesien kan word as 'n vennoot vir **Stuur Groete Aan Mannetjies Roux**) kry ons hier 'n stukkie mens- en plekkultuur met patos geskets; 'n lewensgreep, met wendings en verrassings, ook in die musiek.

My ou tante Koba klink effens kwaai/ wanneer kom maak ons by hulle weer 'n draai?/ Maar waar bly tannie?/ het ek gevra/ Anderkant Noupoort, duskant De Aar/ My ou tante koba sê ek kan maar loer/ Sy sal haar koffie met 'n lepel roer/ Ry verby Laignsburg en Beaufort-Wes/ Ma het 'n mandjie, Pa het 'n fles/ …Enmy voete wil weer dans/ en my lippe wil weer sing/ Die vreugde wat jy gee, brei uit in 'n kring/ 'n Reis deur die verlede sal ook hartseer bring/ Maar my voete wil nou dans/ en my lippe wil nou sing/…/

Orkestrasie

Clinton, Wouter en Leon met aanvullend:
Konsertina (Jaco van Deventer) en tromme (BruceWallace) en vól agtergrondstemme deur Jaco du Plessis, Rian Swanepoel en Herald Richter.

5. Ek Roep Jou Naam – Wouter van de Venter

" Roerende lied oor die lewe, vertwyfeling en troos. Laurika vertolk met beheersde oorgawe, gekomplementeer deur blues-gekleurde orkestrasie – 'n verleidelike strykerseksie, perkussie en die bittersoet bekoring van die mondfluitjie.

Orkestrasie

Met Clinton, Wouter en Leon met aanvullend:

Tromme (Bruce Wallace), mondfluitjie (Craig MacKinnon) en strykers: 1e viool (Denise Sulton), 2e viool (Camelia Onea), viola (Valéry Andreev) en tjello (Susan Mouton). Met agtergrondstemwerk deur Jaco, Rian en Harald.

6. **Skimme** – Koos du Plessis

'n Klasieke vertolking van dié musiekale reis: *Daar's skimme, gewikkel in jasse/ verskans teen die winde van ys/ Daar's skimme, met kiste soos tasse/ vol drome gepak vir die reis/…/*

Orkestrasie
Met Clinton, Wouter en Leon met aanvullend:
Bassintiseerder en klawerbord (Peter McLea), perkussie (Bruce Wallace) en agtergrondstemwerk deur Wouter.

7. **Stille Waters** – Christopher Torr

Die nuwe opname word 'n treffende rock-ballade wat gekenmerk word deur Wouter van de Venter se elektriese kitaarwerk: Ingehoue emosie tussen goed en kwaad wat voor uitbarsting huiwer.

Orkestrasie
Clinton, Wouter en Leon met engelkoorwerk deur Clinton, Leon, Jaco, Rian en Harald.

8. **Over The Hills And Far Away** – Christopher Torr

Nóg 'n tydlose skepping. Dis 'n liedjie van verlange, verklank met laurika se sang, hoendervel-harmonisering en treffende vioolwerk. *I Heard somebody singing an old old tune/ Could have been September/ Might have been in June/ Overhead the stars were shinning in the Milky Way/ over the hills and far away/ I heard somebody whisper soft and low/ I will never leave you/ Never will I go/ Never will I wander/ Never will I stray/ over the hills and far away/…/*

Orkestrasie
Clinton, Wouter en Leon met aanvullend:
Tromme (Bruce Wallace) en agtergrondsang deur Anneke Visagie en Jaco du Plessis. Strykers:
1e viool (Denise Sulton), 2e viool (Camelia Onea), viola (Valéry Andreev) en tjello (Susan Mouton).

9. **Die Mense Op Die Bus** – Christopher Torr

Die nuwe weergawe van die treffer is reeds geliefd by gehore en op hierdie CD is dit ritmiese verleiding met 'n amper *swingerige* uitbundigheid en – soos in die fluitslot genooi word – goed-voelstemming.

Orkestrasie
Clinton, Wouter en Leon met aanvullend:
Perkussie (Bruce Wallace en Leon) en agtergrondsang deur Jaco, Harald en die Gemaskerde Fluiter". Strykers 1e viool (Denise Sulton), 2e viool (Camelia Onea).

10. **Nuwe Wyn** – Louis Brittz
Dit is die encore-lied! Met die geestelike inslag lewer Laurika 'n vokale kragtoer wat aan die grootsheid van **Hot Gates** en **Marieke** herinner. Inhoudelik is dit suiwer besieling: *As die dinge woorde raak en my woorde aanhou leeg raak/ As die liedjies en die mooi gedigte wat ek bring, nie meer uit die liefde kom en die liefde gaan/ en die liefde gaan verby/ My eerste liefde het gou vergaan/ Net 'n skaduwee wat oorbly (Here, skink in my)/ Nuwe wyn, minder woorde, nuwe wyn/…/*

Orkestrasie
Clinton, Wouter en Leon met aanvullend:
Orrel (Peter McLea), tromme (Bruce Wallace) en die agtergrondstemme van jaco du Plessis en Anneke Visagie.

11. **Lord Of The Dance** – Sydney Carter
Heropname met Wouter van de Venter en Leon Ecroignard se kitare, Clinton Waring se versigtige klavier en die luisterryke strykerseksie.

12. **Video's van My Ou Tante Koba** (Christopher Torr) en **Vier Seisoene Kind** (Gian Groen).

Produksie
Musiekregisseur – Peter McLea
Ingenieur en meng – Louis Langerman
Musiekverwerkings – Clinton Waring, Wouter van de Venter en Leon Ecoignard
Bykomende verwerkings en afronding – Peter McLea
Finale meester – Keith Forsyth
Raadgewende ingenieur vir stemopname – Frikkie Kruger
Opgeneem by Maranatha – Ateljees, Pretoria
Ateljeebestuurder – Dewald Pretorius
Videoregisseur – Deon de Bruyn, www.africanpictures.com
CD-romproduksie – ma(x)x new media
Omslagontwerp – Eldriena van der Merwe, mareli wassenaar, Media Mosiacs

ALBUMSPEELLYS
1. **Die Diep Blou See** – Komponis: Christopher Torr (Chris Torr Music)
2. **Die Ballade van Jakob F de Beer** – Komponis: Christopher Torr (Select Musiek)
3. **Onder Jou Asem** – Komponis: Riku Lätti (Peer Music)
4. **My Ou Tante Koba** – Komponis: Christopher Torr (Chris Torr Music)
5. **Ek Roep Jou Naam** – Komponis: Wouter van de Venter (M/s Samro)
6. **Skimme** – Komponis: Koos du Plessis (Incline House)

7. **Stille Waters** – Komponis: Christopher Torr (Chris Torr Music)
8. **Over The Hills And Far Away** – Komponis: Christopher Torr (Chris Torr Music)
9. **Die Mense Op Die Bus** – Komponis:Christopher Torr (Chris Torr Music)
10. **Nuwe Wyn** – Komponis: Louis Brittz (Brettian/Sarral)
11. **Lord Of The Dance** – Komponis:Sydney Carter (Galliard Ltd mcps)
12. **Multimediasnit**

- Video's van **My Ou Tante Koba** en **Vier Seisoene kind**
  Die CD Laai self sodra dit in die CD-aandrywer van die rekenaar geplaas word. Versoenbaar met Windows 95 tot XP. Die voorgestelde rekenaarvereistes is Pentium 3; 800 x 600 Skermresolusieklankkaart. Stel skerm in om volskermvideo te kry.